11.3 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE PRETORIA – SPESIALE SINODES

1. Beskrywingspunt

Dat alle onafgehandelde en moontlike nuwe sake rakende die kwessie van vroue in die besondere dienste na ‘n Spesiale Sinode, soos voorgestel in Beskrywingspunt 11.2, verwys word. Die onafgehandelde sake is die Beswaarskrifte wat voor Sinode 2012 gedien het, asook die onbehandelde Kommissierapporte van Sinode 2012 daaroor.

2. Motivering

2.1 Die kerklike stryd van die afgelope dekades oor hierdie saak, onder andere die telkens heropduikende wedersydse vraagtekens oor Skrifhantering en selfs Skrifbeskouing, en die manier waarop dit verdeeldheid in die kerklike lewe veroorsaak het, maak dit duidelik ‘n klassieke geval van ‘n saak wat op sulke Sinodes behandel kan en behoort te word.

2.2 Om die sake oor die vrou in die besondere dienste weer by die Algemene Sinode 2015 te behandel, is juis om terug te val in die impasse wat by vorige Sinodes ervaar is en wat by Algemene Sinode 2012 tot ‘n buitengewone ordevoorstel gelei het.

3. Verduidelikende opmerkings oor Beskrywingspunt

3.1 Hierdie Spesiale Sinode se afgevaardigdes sal DV by die Streeksinodes in November 2015 gekies word, waarna hierdie Spesiale Sinode met sy werksaamhede kan begin. Algemene Sinode 2015 kan egter, ter wille van tydbesparing, ook oorweeg om die verteenwoordigers van die onderskeie Streeksinodes by die Algemene Sinode te versoek om staande die Algemene Sinode, afgevaardigdes vir hierdie eerste Spesiale Sinode aan te wys.

3.2 Tot tyd en wyl hierdie Spesiale Sinode sy sake afgehandel het, bly alle besluite en versoeke wat vorige Algemene Sinodes rakende hierdie saak geneem het, van krag.

Toeligter: Ds SD Snyman.